

DOODLOOPSTRAAT

Hulle sê jy sak terug na jou wortels wanneer die winde van tyd jou liggaam en jou gees begin skeeftrek. Die vernouing wat tyd bring. Die verminderde beweeglikheid. Verstarring van die gees. Die aflê van die ou, vertroude norme. Byna sê ek die aflê van drome.

Op 'n fisieke vlak: die beperkings aan beweging wat chronies foutiewe ledemate jou bring. Om 'n onbekende paadjie te stap is moedswillig. 'n Stoel in 'n vreemde se sitkamer is 'n konfrontasie. 'n Rit in 'n vreemdeling se motor is 'n drama. 'n Afdraai van die teerpad op 'n sinkplaatpad is 'n katastrofe. Self bestuur, 'n eie motor, is 'n herinnering wat al lank agter die kim weggesak het. En die siddering, die vibrasie wat die vliegtuig in versnellingsrat op jou ganse gebeente afstuur, is nie meer vir my nie. My laaste rit van Johannesburg na Kaapstad het ek heelpad staande oorleef.

Al pad wat met minimum angs aangepak kan word, is die pad na die verlede.

Ek het al twee keer dié pad gevat, maar daar lê nog baie.

Die arme ou Pêrel, weer 'n keer.

Nee. Nie die "arme ou" Pêrel nie. Geboortedorp. Dorp wat in skelheid en grootte en detail en kleur en emosionele houvas

elke stad waar ek later gebly het, in my herinnering troef en soos 'n fungus aan die hele doek van my geheue klou. My ma het sewe-en-neëntig jaar oud geword. In die Pêrel. Byna 'n eeu se verbintenis. Noudat al die baie ander stede wat ek leer ken het – in Afrika, Europa, die Amerikas, die Nabye en Verre Ooste – in die geheue begin verlep, begin die Pêrel soos 'n dier wat gehiberneer het, wakker word en oorneem.

Groen stokkie met die dun, klam, wit wondjie waar die takkie afgeskeur is van die bas; nat, swart grond waardeur die stokkie grou; klein, donker watertjie wat in die gaatjie grond begin blink. Stert op die grond, koue wat deur die nat broek klim, arms wat optel en wegneem, “hou op so mors”. Maar die water wat uit die moddergaatjie opwel, dít vergeet 'n mens nooit.

Lenie op die treetjies van haar kamer in die winterson, al winterson wat die groot, hoekige huis ooit kry, haar hare aan die uitborsel. Dat die hare, soos wat ek dit vandag leer noem, in 'n Afro om haar kop uitstaan. Maar in haar doodkis, in die sitkamer van die niggie se huis op die Rug, waarheen hulle in die vyftigerjare verskuif is, het sy so klein en veraf op die wit satyn gelê, soos 'n besoekstertjie uit 'n ander, veraf wêreld, dat ek nie wou glo dis sy nie . . . Die haartjies plat soos 'n kappie om haar kop. Die witgewerkte hande op die bors. Hoe het ek altyd geskrik as ek die binnekant van ons bediendes se hande sien, die ingange tot 'n wêreld wat skielik voor my opdoem, verskriklik, angswekkend, 'n wêreld waarin ek skielik halsoorkop ingedompel word, 'n wêreld waarin alles wat is, nie meer is nie. Ek skree. My ma kom sleep my weg. Wat soek jy altyd in die bediende se kamer? Lenie, jy moenie lat sy jou so kom pla nie. Sy pla my nie, missies.

Die wit binnekante van bruin mense se hande.

Daar was vier lotte draers vir haar kis. Om die beurt. Eers van die sitkamer die huis uit na die lykswa wat wag. Toe is dit ander hande wat die blink handvatsels, nog warm van die vorige draers, raakvat en die kis so 'n bietjie stamperig uit die lykswa trek en tot by die begraafplaashek dra. Weer het hande oorgevat waar die rou paadjie uitswenk, en dis hulle wat die kis stadig en met sorg geplaas het op die groen bande wat na die ewigheid lei. Hulle het toe teruggestaan, hoed in die hand, kop geboë, kleingeboode mans met fyn gelaatstrekke.

H.W. Morton het in sy reisboek *In Search of South Africa* geskryf: *In the streets of Paarl you see many men with French faces, though they don't speak French. They are dark of skin, slightly built.* Ons het gedink hy praat van mense soos my pa, maar nou weet ek dis ook hulle, die bruin mense, ook afstammeling van die Franse Hugenote, van wie hy gepraat het. En ons het dit destyds nooit raakgesien nie.

Ons sing “Veilig in Jesus’ armen, sag aan sy hart gedruk . . .” Waar kom my trane vandaan? Hulle loop oor my wange. Die klein gesig en die stokou liggaampie sak af, die kis word toegegooi. Ek voel weer die vrees wat my beetgepak het toe ek 'n kind van agt was: Is dit nodig dat al daardie swaar, klam, rooi grond so onverbiddelik op haar neergestort word? Hier op die bult sal daar nie hiënas wees om haar uit te grawe nie. Ek weet daardie swaar, klam grond, swart kleigrond van die vallei, gaan op my ook neergestort word. Ek het dit geweet vandat ek agt jaar oud was. Miskien is my trane nie vir Lenie nie.

* * *

My aftreeoord is 'n rooibaksteengebou van vyf verdiepings hoog. Voor langs die ingang is 'n ry garages, en agter die